KULTUUR

BYBELVASVRA

Die missie van hierdie Kultuuraktiwiteit, Bybelvasvra is om op ‘n prettige wyse ‘n liefde vir die Woord van die Here te kweek terwyl dit kennis van die Bybel verbeter. Ons neem deel aan die Super 12 - Bybelvasvra kompetisie asook aan die Rapportryers se Nasionale kompetisie. Ons is vanaf Maart tot Oktober besig daarmee.

DOEL VAN BYBELVASVRA

Die wenmotief is nie die fokus van die Bybelvasvra nie. Natuurlik wil ons graag hê dat die leerders wat deelneem werksbevrediging ervaar. Ons wil ook ons skoolgemeenskap trots maak. Die hoofdoel is egter eerstens om kinders toe te rus met deeglike Bybelkennis sodat hulle geloof versterk sal word en hulle Christelike ambassadeurs in die wêreld sal wees. Wen en goeie prestasie is ‘n bysaak.

Daar is akademies baie voordele vir leerders wat aan die Bybelvasvra deelneem aangesien dit lees-, leer- en memoriseringsvaardighede verbeter. Omdat die Bybelvasvra in spanverband plaasvind, ontwikkel dit spanwerk en probleemoplossingsvaardighede.
Bybelvasvra is pret!!!!!

HOEKOM AAN BYBELVASVRA DEELNEEM?

Elke ouer wens om ‘n toegeruste en beginselvaste jong volwassene die wêreld in te stuur. Op hierdie pad van selfontwikkeling speel Bybelvasvra ‘n onontbeerlike rol. Die liefde vir die Bybel en die waarhede daarin opgesluit sal lewenslank by leerders bly. ‘n Jong mens, vas en seker van waarheen hy/sy op pad is - dis die eindpunt waarna die Bybelvasvra strewe.
Graad 4 - 7 leerders neem aan die Bybelvasvra deel.

TOOT TOOT!!

DIE BYBEL 1983-vertaling
DIE BYBEL 1983-vertaling
DIE BYBEL 1983-vertaling